

IN MEMORIAM: Prof. J. DE ZWAAN.

Twee dae voor Kersfees verlede jaar het Prof. de Zwaan heengegaan. Byna 'n half-eeu lank was hy een van die leiers van die teologiese wetenskap, eers as hoogleraar te Groningen en daarna te Leiden. Op een of ander tyd het byna alle teologiese hoogleraars in sy vaderland onder sy leiding studeer en uit die klein skare van ons kerk het tenminste drie persone, waarvan een nog diensdoende is, sy vormende leiding ondergaan.

Met die Kerk in Suid-Afrika het hy baie verbintnisse en hy het altyd 'n besondere simpatie teenoor ons openbaar. Jarelank was hy lid van die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies. By die oprigting nou meer as tien jaar gelede is hy geraadpleeg en nie sonder vrug nie. Die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria kon hom in netelige omstandighede altyd tot Prof. de Zwaan wend om hulp en 'n oplossing. Sy raad was nooit verkeerd nie en sy hulp was steeds tydig.

Sy vakgebied het hy van hoek tot kant beheers en die wetenskaplike wêreld het hom as outoriteit op elke onderdeel van sy vak erken. Sy publikasies wat letterlik in die honderd tel, bestryk Skrifverklaring, aspekte van die teologie, persone en omstandighede van die nieutestamentiese tyd, die taalkundige agtergrond van sy wetenskap en die nieutestamentiese handskrifte. In belang van die kennis van laasgenoemde het hy 'n volstandige studie van die papyrologie gemaak soos blyk uit sy mede-outeurskap aan 'n vakkundige publikasie op hierdie gebied. Netso het hy tendienste van die kennis van die nieutestamentiese Grieks spesiaal moderne Grieks aangeleer.

Sy groot begaafdheid is ge-ewenaar deur sy groot dienste aan sy Kerk, die teologiese wetenskap en sy volk. En met die toenemend ouderdom het sy diensbereidheid nie afgeneem nie. Jarelank het hy die ideaal gekoester om die Bulletin of the Bezan Club van sy vriend, wyle J. Rendel Harris in een of ander vorm te laat voortleef. Hy het sy ideaal verwerklik in die oprigting van die internasionale kwartaalskrif, *Novum Testamentum*, wat by Brill in Leiden verskyn.

Die Hervormde Teologiese Studies voel die verlies van de Zwaan aan as sy eie. Aan Mevrouw de Zwaan, die familie van die oorledene en die nieutestamentiese wetenskap in Nederland betuig die redaksie en sy lesers hul innige meegevoel.

IN MEMORIAM: Prof. Dr. JOHANNES LINDEBOOM.

Met die afsterwe van professor Lindeboom het Nederland 'n kerk-historikus van groot formaat verloor. Hy is op 26 Augustus 1882 gebore en het in Leiden gestudeer waar hy in 1909 tot doktor in die godgeleerdheid gepromoveer is op 'n proefskrif *Erasmus, Onderzoek naar zijn godsdienstig gemoedsbestaan*. Nadat hy verskillende gemeentes van die Ned. Hervormde Kerk as predikant gedien het, is hy in 1913 benoem as professor in die Kerkgeskiedenis en in die Dogmengeskiedenis aan die Universiteit van Groningen. Verskillende wetenskaplike werke het

van hom verskyn soos o.a. *Stiefkinderen van het Christendom* in 1929, *Geschiedenis van het Vryzinnig Protestantisme* in 1929 en verskillende wenskaplike artikels. In 1916 het hy 'n hersiening van die derde druk, in 1933 van die vierde druk en in 1949 van die vyfde druk besorg van die *Geschiedenis van de Hervorming en de Hervormde Kerk der Nederlanden* deur dr. J. Reitsma. In 1942 en 1945 het hy saam met prof. Bakhuizen van den Brink 'n *Handboek der Kerkgeschiedenis* in twee dele die lig laat sien.

Professor Lindeboom het veel aandag gegee aan die sektewese in die Kerk, en die betekenis wat dit vir die Kerk gehad het. As Christelike humanis het hy oog gehad vir die goeie wat ook buite die offisiële Kerk voorkom, en hy het graag die aandag gevestig op boeke soos *Reformateurs* van dr. C. B. Hylkema, en *De Gedachten der Tyden* van P. H. van Moerkerken.

Professor Lindeboom was nie alleen 'n geleerde van naam nie, maar hy was ook 'n beminnelike mens. Self het ek baie goeie herinneringe aan hom, reeds van uit die dae van my studentetyd toe ek hom, terwyl hy reeds professor was, meermale ontmoet het, en ook in latere jare met besoeke aan Nederland. Dit was steeds aangenaam om hom te ontmoet en met hom van gedagte te wissel. Sy nagedagtenis sal vir baie tot seën wees!

S.P.E.

BOEKBESPREKING

J. A. HENDRIKS, *Het Geheim der Eeuwen*, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1955.

Blykens die „Ten Geleide” in hierdie werk het die skrywer, wat arts is in Nederland, nie daarna gestreef om verassende, nuwe insigte te open of opsienbarende eie vondste mee te deel nie, maar wel om die inhoud van die Bybel noukeurig weer te gee. Om temidde van die besighede van die praktyk op 'n ander terrein te beweeg as die van die amp, verdien seker waardering. Ons sien dan ook in die werk 'n evangelisasiepoging om ander te bring tot die lees van die Bybel. Die geheel word in vyf ingedeel n.l. Die opbou van die Vrederyk 2 Die afbraak van die Vrederyk 3 Die voorspelling van die ewige Vrederyk 4 Die Stigting van die ewige Vrederyk 5 Die Voltooing van die ewige Vrederyk. Teen hierdie skematiese indeling kan wel bedenkinge ingebring word, en die vraag doen hom voor of die inhoud van die Skrif op die wyse ingedeel kan word. 'n Ernstige beswaar het ek teen wat die skrywer sê op p. 10 en 11 waar hy beweer dat die betroubaarheid van die Skrif op verassende wyse bevestig word „in de laatste eeuw, door die opgravingen in Palestina en de landen daarom heen”, en „de betroubaarheid der Schrift blijkt ook nog uit een ander feit”. As die skrywer op dieselfdebladsy dit het oor die inspirasie van die Skrif, dus dat God die Skrif ingegee het aan die skrywers dan het ons tog seker nie opgrawings nodig om die betroubaarheid daarvan te bevestig nie of soos ons in die Ned. Geloofsbelijdenis verneem „omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle” n.l. hierdie boeke „van God is”. Bedenklik lyk ons wat die skrywer beweer p. 23 dat die